

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 04 Oktober 2020**

1. VOTUM

Juig tot eer van die Here, almal op aarde!
²Dien die Here met blydskap!
Kom voor Hom met gejubel!
³Erken dat die Here God is:
Hy het ons gemaak en ons is Syne,
ons is sy volk, sy eie kudde.
⁴Gaan sy poorte binne met dankliedere,
sy tempel met lofsange,
dank Hom, prys sy Naam,
⁵want die Here is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie,
sy trou duur van geslag tot geslag.

2. SEËNGROET

Aan die gemeente van God in Wonderpark en
aan almal wat aan die Here behoort:
Genade en vrede vir julle van God ons Vader en
die Here Jesus Christus!

3. LOFLIED: OORWINNINGSLIED

Ek sien in my gees die glorie en die almag van Heer,
Die Allerhoogste wat in liefde oor Sy koninkryk regeer
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer,
Hy is Koning, Hy regeer

Loof Hom prys Hom Halleluja



Loof Hom prys Hom Halleluja
Loof Hom Prys Hom halleluja
Hy is Koning, Hy regeer

Die Here is ons vesting wat vir altyd sal bly staan
Hy beskerm elke mens wat in geloof na Hom toe gaan
Hy's ons skuiling, Hy's ons vesting, Hy't die vyand reeds verslaan
Hy's die rots wat ewig staan

Loof Hom prys Hom halleluja (x3)
Hy's die rots wat ewig staan

Kom deel nou in ons loflied, hef jul hande op na Bo
Blaas basuine, slaan op dromme en kom dans voor God se oë
Kom leef in die oorwinning van Sy Woord wwarin ons glo, want Sy Woord sal ewig staan

Loof Hom, prys Hom halleluja (x3)
Ja Sy Woord sal ewig staan
Sy Woord sal ewig staan
Sy Woord, sal ewig staan.

4. SKRIFLESING EN GEBED.

TEMA: Praat oor die Hoop wat in jou Lewe!

TEKS: 1 Petrus 3: 13 - 17

Menslike optrede in swaar tye.

Gelowiges in Klein-Asië het verskillende vorme van swaarkry beleef. Petrus verwys na allerlei beproewings, lyding en 'n vuurgloed van vervolging. Wanneer mense swaarkry praat hulle gewoonlik met mekaar oor hulle swaarkry:

Huwelik (1 Petrus 3): Die vrou sal kla dat haar man onbillik teenoor haar optree en die mans kla oor hulle vrouens.

Slawe en eienaars (1 Petrus 2): Die slawe sal kla dat hulle eienaars hulle mishandel en die eienaars kla weer oor hulle lui slawe wat nie toegewyd wil werk nie.



Burgers en plaaslike owerhede (1 Petrus 2): Burgers sal negatief na die plaaslike owerhede verwys.

Keiser Nero (1 Petrus 2): Gelowiges sou na Nero as 'n bose keiser en die antichris verwys en dat hy 'n handlanger van die duiwel is wat die christendom probeer uitwis.

Versoeking om net oor swaarkry te praat

Die versoeking bestaan dat gelowiges in moeilike tye net oor hulle swaarkry praat en dat hulle in 'n gat van negatiwiteit en bitterheid kan verval. Petrus moedig gelowiges aan om in tye van beproewing nie oor hulle swaarkry te praat nie, maar oor die hoop wat in hulle leef,

“Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. ¹⁵In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.

Die woord wat met “verduideliking” vertaal word, is “apologia” en is 'n tegniese term wat na debatvoerings in die antieke tyd verwys wat gewoonlik by die stadspaleis plaasgevind het (Handelinge 17:16-32). Wanneer iemand 'n standpunt wil stel en verdedig, het hy voor 'n gehoor op die stadspaleis verskyn en daar het hy met mense 'n gesprek gevoer oor sy verskillende sienswyses. Toe Paulus in Athene was, het hy op die Areopagus voor die wysere, Epikureërs en Stoïsyne verskyn om met hulle 'n gesprek (apologia) te voer oor die hoop wat in hom leef.

Petrus skryf dat gelowiges altyd gereed moet wees om verantwoordig (apologia) te doen oor die hoop wat in hulle leef.

1. DOEN VERANTWOORDING OOR DIE HOOP WAT IN JOU LEEF. (APOLOGIA).

1.1 Petrus doen verantwoording oor die hoop wat in hom leef:

- **Pinksterdag. (Handelinge 2:32)**

“God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.”



- **Tempel, die Pilaargang van Salomo. (Handelinge 3:15)**

“So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuies”.

- **Joodse Raad. (Handelinge 4)**

“Die priesters en die ander was onthuts omdat die apostels die mense geleer het en verkondig het dat die opstanding uit die dood deur Jesus se opstanding ’n werklikheid geword het. (v. 2)

Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê: “Raadslede van die volk, en familiehoofde, ⁹julle verhoor ons vandag oor ’n weldaad aan ’n siek man en oor hoe hy gesond gemaak is. ¹⁰Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan—dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het. (vv. 8-10)

¹⁹Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: “Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. ²⁰Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie.” (v. 20)

³³Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal. (v. 33)

- **Kornelius, kaptein in die Italiaanse regiment. (Handelinge 10:39, 40)**

³⁹“En ons is getuies van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang. ⁴⁰Maar God het Hom op die *derde dag uit die dood opgewek* en Hom laat verskyn, ⁴¹nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná *sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het*.

• OOR WATTER HOOP PRAAT PETRUS: HY PRAAT VAN DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS!

1.2 Paulus doen verantwoording oor die hoop wat in hom leef:

- **Turkye. (Handelinge 13:29-34)**

Nadat hulle aan Jesus alles gedoen het wat van Hom in die Skrif geskrywe staan, is Hy van die kruis afgehaal en begrawe. ³⁰Maar God het Hom uit die dood opgewek.



Hy het in die loop van baie dae aan die mense verskyn wat saam met Hom van Galilea af na Jerusalem toe gegaan het. Hierdie mense is nou sy getuies by die volk. “En nou verkondig ons aan julle die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders ³³vir ons, hulle nageslag, vervul het deur *Jesus uit die dood te laat opstaan* ³⁴*God het Hom uit die dood laat opstaan, en daarom sal Hy nooit vergaan nie*”.

- **Athene. (Handelinge 17:32-34)**

³²Toe hulle van *die opstanding uit die dood* hoor, het party hom uitgelag, maar party het gesê: “Ons sal jou weer hieroor wil hoor.” ³³So het Paulus van hulle af weggegaan. ³⁴’n Paar mense het egter gelowig geword en by hom aangesluit. Onder hulle was daar Dionisius, ’n lid van die Areopagus, en ’n vrou met die naam Damaris en nog ander saam met hulle”.

- **Joodse Raad. (Handelinge 23:1-6)**

“Paulus het die lede van die Joodse Raad vierkantig in die oë gekyk en gesê: “Broers, ek het heeltemal ’n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het.” ²Toe beveel die hoëpriester Ananias die mense wat by Paulus staan, om hom op sy mond te slaan. ³Daarop sê Paulus vir hom: “God sal jou slaan, jou skynheilige! Jy sit hier om my volgens ons wet te verhoor, maar in stryd met die wet beveel jy dat ek geslaan moet word.” ⁴Die mense wat by Paulus staan, sê toe vir hom: “Skel jy die hoëpriester van God uit?” ⁵Daarop antwoord hy: “Ek het nie geweet dat hy die hoëpriester is nie, broers. Dit is soos daar geskrywe staan: Jy mag nie ’n leier van jou volk beledig nie.” ⁶Paulus het geweet dat die Raad deels uit Sadduseërs en deels uit Fariseërs bestaan. Hy roep toe in die Raad uit: “Broers, ek is ’n Fariseër en kom uit ’n familie van Fariseërs. Dit is oor die *verwachting dat die dooies weer sal opstaan* dat ek verhoor word.”

- **Goewerneur Feliks. (Handelinge 24:14-21)**

¹⁴“Dit erken ek wel voor u: Ek dien die God van my voorvaders volgens die leer van Christus wat hulle ’n dwaalrigting noem. Ek glo nog steeds alles wat in die wet en die profete geskrywe staan. ¹⁵*Ek het my hoop op God gestel, en net soos hulle verwag ek dat alle mense, goeies en slegtes, uit die dood sal opstaan.* ¹⁶Daarom doen ek ook my uiterste bes om altyd ’n skoon gewete voor God en die mense te hê. ²¹Al wat ek daar vir hulle gesê het, was: *Ek staan vandag hier voor julle tereg omdat ek aan die opstanding van die dooies glo.*”

- **Koning Agrippa en Bernice sy vrou. (Handelinge 26:7-24)**

Die saak: ¹⁹Dit het alles gegaan oor twisvrae in hulle eie godsdienste en oor ’n sekere Jesus wat *dood* is, maar van wie Paulus beweer dat hy *lewe*.



Apologia van Paulus: ⁷Ons twaalf stamme dien God nougeset dag en nag juis omdat hulle *die hoop* het dat Hy sal doen wat Hy belowe het. *Oor hierdie hoop, U Majesteit, word ek deur die Jode beskuldig.* ⁸Waarom is dit vir u en ander onmoontlik om te glo dat God dooies opwek? Ek verkondig maar net waarvan die profete en Moses gepraat het: ²³Die Christus moes ly en *die eerste wees wat uit die dood opstaan.* Daardeur sou Hy aan die Jode en aan die heidennasies die lig bring.” ²⁴Terwyl Paulus hom nog so verdedig, skreeu Festus: “Jy’s mal, Paulus! jou groot geleerdheid maak jou mal!”

- **Keiser Nero. (Filippense 1:12,14)**

¹²Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het. ¹³Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek ’n gevangene is. “

“²⁰Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. ²¹Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal *Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees.* (Filippense 3:20,21)

OOR WATTER HOOP PRAAT PAULUS: HY PRAAT VAN DIE OPSTANDING VAN DIE LIGGAAM!

1.3 Gelowiges in die briewe van Petrus: mense van hoop

Die gelowiges in Klein-Asië moet nie vergeet wat hulle vroeër was nie. Van geboorte was hulle heidene, en is hulle deur die Jode “onbesnedenes” genoem. In dié tyd was hulle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, *sonder hoop en sonder God* in die wêreld”(Efesiërs 2:11,12). As gelowiges het hulle omstandighede egter radikaal verander,

“In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons ’n (1) *lewende hoop* ⁴op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike (2) *erfenis* wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.” (1 Petrus 1:3,4)



Hierdie gelowiges leef nie net met 'n lewende hoop nie, maar hulle glo in God, die bron van hoop,

“Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlijkheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig.” (1 Petrus 1:21)

“Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!” (Romeine 15:13)

Hulle is ook losgekoop van 'n sinlose lewenswyse en daar het genesing in hulle lewens plaasgevind,

“Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. ¹⁹Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.” (1 Petrus 1:18,19) en

“Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.” (1 Petrus 2:24)

Hierdie gelowiges was as afgodedienswaarders sonder hoop en sonder God. Deur die genade van God is hulle

- wedergebore tot 'n lewende hoop,
- het hulle 'n erfenis wat gereed staan om ontvang te word,
- glo hulle in die God van hoop,
- is hulle gered van 'n sinlose lewenswyse en
- het daar genesing van emosionele letsels en wonde plaasgevind.

Dis oor hierdie hoop wat Petrus gelowiges aanmoedig om oor te praat en nie oor hulle vrese in tye van allerhande beproewings nie.

2. HIERDIE LEWENDE HOOP MOTIVEER GELOWIGES TOT 'N POSITIEWE, PRO-AKTIEWE LEWENSWYSE.

- Hierdie lewende hoop in ons gee ons 'n ander perspektief op die lewe en op die omstandighede waarin ons lewe. Wanneer gelowiges op die lewende



hoop in hulle fokus en nie op allerlei beproewings, lyding en die komende vuurgloed van vervolging nie, verander hulle perspektief op hulle huidige omstandighede asook hulle toekomsverwagting. 'n Lewende hoop en 'n positiewe toekomsverwagting loop hand en hand. Mense wat praat oor die hoop in hulle, is beter toegerus om aan 'n positiewe toekoms te bou.

- **Passievolle kampvegters vir die goeie. (1 Petrus 3:13,14)**

“Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is? Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou.”

Die Griekse woord vir “beywer” is “seloteis” en kan ook met “selote” vertaal word. Die selote in Israel was radikale vryheidsvegters wat met wapengeweld en 'n vorm van terrorisme van die Romeinse oorheersing ontslae wou raak. Hulle was fanaties in hulle optrede. Petrus was onder andere 'n seloot, 'n passievolle kampvegter vir Joodse vryheid.

Petrus moedig gelowiges aan om die tyd uit te koop en passievolle kampvegters vir die goeie te wees. Wend julle energie vir die goeie aan en nie vir die negatiewe nie.

- **Vreeslose lewenswyse. (1 Petrus 3:15 en 1 Johannes 4:16-18)**

“Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.”

Mense met 'n lewende hoop in hulle, leef nie meer met allerhande vrese nie. Omdat hulle glo in die opstanding van die liggaam, leef hulle nie meer in vrees vir die dood nie. Hulle laat hulle ook nie deur hulle omstandighede intimiteer nie. Hulle vlug nie van hulle omstandighede en hulle vries ook nie. Onder die moeilikste omstandighede leef gelowiges vreesloos en met groot vrymoedigheid. In tye van allerhande beproewings praat gelowiges nie oor hulle vrese nie, maar oor die lewende hoop wat in hulle leef. Die “antidote” vir vrees is die lewende hoop in ons.

- **Kroon Christus as Kurios in julle harte. (1 Petrus 3:12,15)**

“In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here.”

Petrus verwys nou na die hart van gelowiges en die titel van Christus as “Kurios”. Die vraag is, “Wie is in beheer van ons harte”? Binne hierdie konteks kan daar net een van twee konings op die troon van ons harte wees, nl. koning Phobos (vrees) of koning Jesus. In moeilike omstandighede bestaan die gevaar dat koning Phobos (vrees) op die troon van ons harte sit. As hy koning is, is alles in ons harte donker en



leef ons sonder hoop en 'n toekomsverwagting. Koning Phobos kan nie lewe skep nie, maar wel vernietig.

Petrus moedig gelowiges aan om seker te maak oor wie op die troon van hulle harte sit. Hy gee die opdrag dat Christus as "Kurios" in hulle harte geheilig moet word. Christus as "Kurios" beheer elke aspek van ons lewens en daarom hoef hulle nie vrees vir hulle omstandighede te leef nie. Gelowiges leef met 'n lewende hoop en 'n aktiewe positiewe verwagting met die oog op die toekoms. Gelowiges kan met enige persoon onder enige omstandighede praat oor die hoop wat in hulle leef en terwyl hulle beheer oor hulle vrese neem.

Marion Zimmer Bradley skryf,

"The road that is built in hope is more pleasant to the traveller than the road built in despair, even though they both lead to the same destination."

5. SLOTLIED: NEEM MY LEWE, LAAT DIT HEER

Neem my lewe, laat dit Heer
U gewy wees meer en meer
Laat my hart gedurig juig
En van dankbaarheid getuig

Neem my stem en laat my sing
U, my Koning hulde bring
Laat my mond deur U gena
Steeds die blye boodskap dra

Neem my goud en silwer Heer,
Niks noem ek my eie meer
My verstand en kennis moet
Slegs U werk op aard' bespoed.

Neem my wil, so swak van daad
Neig dit na U wyse raad
Neem my hart, vir U tot troon
Wil gedurig daarin woon.



6. SEËNBEDE

Bid dat Jerusalem vrede mag hê,
dat hulle wat hom liefhet, rustig mag woon.
Mag daar vrede wees binne jou mure,
rus in jou wonings.
Ter wille van my broers en my vriende
wens ek jou vrede toe.
Ter wille van die huis van die Here ons God
bid ek dat dit met jou goed sal gaan. (Psalm 122)

Ons bid tot U, o Vader, Seun en Gees
Laat ons vir ander ook tot seën wees
Maak ons getuies van U Naam o Heer
Dat ook die wêreld U sal dien en eer. AMEN

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

